



*Genesis 17*  
*Die besnydenis as*  
*verbondsteken*

**Week 6 (Sondag 28 Februarie 2021)**

1 Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: “Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg!

2 Ek sal my verbond met jou sluiten baie, baie mense uit jou laat voortkom.”

3 Abram het op sy knieë geval, en toe sê God vir hom:

4 “Dit is my verbond met jou: jy sal die vader wees van ’n menigte nasies;

5 jy sal nie meer Abram genoem word nie, jou naam sal Abraham wees,

want Ek maak jou die vader van baie nasies. 6 Ek sal jou baie vrugbaar maak,

Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.

7 “Ek bring ’n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte.

Dit is ’n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.

15 God het ook nog vir Abraham gesê: “Jy moet jou vrou nie meer Sarai noem nie. Haar naam is nou Sara. 16 Ek sal haar seën en vir jou ’n seun uit haar gee. Ja, Ek sal haar seën, en nasies en konings van volke sal uit haar voortkom.”

**VRAE VIR DIE WEEK SE**  
**BYBELSTUDIE AS GESIN**

**Maandag**

1. Hoe oud was Abraham?
2. Wat het God vir hom gesê?
3. Wat dink jy beteken “lewe naby My”?
4. Wat dink jy wees “wees opreg”?

**Dinsdag**

1. Wat het God tot stand gebring?
2. Wat gebeur by ’n troue en hoe kan mens dit vergelyk met wat hier gebeur?

**Woensdag**

1. Wie se verbond is dit?
2. Hoe lank hou die verbond?
3. Wat gebeur met Abraham wat met God in verbond leef?

**Donderdag**

1. Dink mooi hieroor wie het hierdie verbond tot stand gebring?
2. Wat is die mens se aandeel daaraan.
3. Wat het Abraham gedoen toe God met hom praat?
4. Wat beteken die gedeelte vir jou en vir ons as Christene?